


HOOESTUK I.

TAAL EN TAALVERMENGING.

1. DIE SELKUNDIGE GRONDSLAG.

(a) PSIGO-FISIES.

Alle menslike ontwikkeling, behalwe wanneer dit 'n natuurlike, onvermydelike ontvouing van aangebore neigings is wat hulle onder alle omstandighede sou vertoon (tensy dié omstandighede absoluut nadelig is), is 'n leerproses, d.w.s. die gevolg van beïnvloeding deur die omgewing; so 'n aangeleerde kompleks is die taal. Die leerproses berus op die gekondisioneerde refleks of reaksie, soos Pawlow en sy volgelinge eksperimenteel aangetoon het: seker stimulus (I) word deur die psigo-fisiese organisme bespeur; hierop volg 'n ander stimulus (II) wat onmiddellik sy natuurlike, instinktiewe reaksie veroorsaak; deur veelvuldige herhaling van die twee stimuli op hierdie manier, is die eerste stimulus (I) op sigself naderhand voldoende om die reaksie wat eintlik by die tweede stimulus hoort, te veroorsaak. Op baie vereenvoudigde skematiese wyse kan die substitusieproses soos volg voorgestel word:



So bv. word by 'n gekontroleerde hond 'n klok gelui (stimulus I); daarna word kos aan hom vertoon (stimulus II), wat dadelik sy mond laat water (instinktiewe reaksie op

stimulus II). Deur herhaling, is die lui van die klok uiteindelik voldoende om die mond te laat water, en het stimulus I dus die plek van stimulus II ingeneem. Daar word egter gevind dat, indien die plaasvervangende stimulus (I) sal voortgaan om die reaksie te verwek, die oorspr. senuverbinding waarlangs stimulus II die brein beïnvloed, ongedeerd moet bly. Elkers as die plaasvervangende stimulus op die brein inwerk, moet die oorspr. senuverbinding m.i. op onmerkbaar wyse eers deur die stimulus bestraal, elektrifiseer word alvorens die reaksie kan volg. So flou is die elektrifisering van die oorspr. senuverbinding, dat die organisme daar selde of nooit van bewus is nie.

By die totstandkom van die nuwe verbinding is daar egter sekere onontbeerlike voorwaardes waaraan voldoen moet word :

(1) *Behoeftes*. Daar moet 'n instinktiewe drang wees (~~bv. as die hond glad nie honger is nie~~, leer hy nie op die klokke reageer nie), 'n behoefte, selfs al tree dié drang of behoefte nie in die bewuste te voorskyn nie ; hoe meer ons egter van die drang en van die doel bewus word, hoe beter kan ons die drang rigting gee en hoe gouer bereik dit sy doel.

(2) *Bevrediging*. Die handeling moet tot die bevrediging van die behoefte lei ; anders word hy uitgeskakel, en word tot ander handeling die toevlug geneem, totdat die bevredigende uitwerking uiteindelik bereik word. Hoe intenser die bevrediging, hoe sterker die verbinding.

(3) *Oefening*. Tensy die bevrediging-verskaffende handeling verhaal word, sal die senuverbinding tussen hom en die bevredigende reaksie nie gevestig word nie. Hoe meer dié verbinding gebruik word, hoe sterker word dit ; hoe korter die tydsverloop ná die vorige gebruikmaking, hoe gemakliker is dit om die verbinding nogmaals te gebruik.

Op hierdie psigo-fisiese beginsels berus die hele vraagstuk van hierdie verhandeling.

(b) PSIGIES.

In die geval van dink, is die oorspr. stimulus (II) die saak (voorwerp, handeling, hoedanigheid, verhouding, ens.) self : die organisme word deur die saak gestimuleer, en reageer

daarop ooreenkomstig die organisme se instinktiewe neigings. Mettertyd ontstaan in die senustelsel 'n senupatroom wat die saak-self voorstel en die vermoë besit om as plaasvervangende stimulus op te tree. So 'n simboliese senupatroom kan ons 'n "beeld" noem. So kan die gedagte aan (of beeld van) sy geliefde die jongman net so romanties maak soos die geliefde-self. Dink is dan die manipuleer van hierdie beelde (i.p.v. die onhandelbare sake self) totdat die aanvangsbehoefte bevredig is.

Beelde is 'n onontbeerlike vereiste by dink; gewoonlik is hulle gesigsbeelde (bv. van *rooi, slaan*), somtyds gehoorsbeelde (bv. van *tik-tak, kraak*), dikwels bewegingsbeelde (bv. van *uitrek, maagpyn*), of gevoelsbeelde (bv. *hitte, eina*); maar in die meeste gevalle is elkeen 'n samestelling van gegewens verskaf deur die inwerking van die stimulus deur verskeie sintuie tegelyk, bv. *woede*—gesigs-bewegings-gevoelsbeeld (en miskien ook gehoorsbeeld). Beelde is die primitiefste en die enigste onontbeerlike dinkmiddel (vgl. bv. gedurige gebruik daarvan in drome en deur natuurvolkere, diere, kinders wat nog nie praat nie, dowes en blindes). Dit is daaraan te wyte dat ons dinkprosesse oënskynlik uit onverwante stukkies en brokkies bestaan en van alle "logiese" samehang ontbloom is: elke brokkie is 'n simboliese beeld (gewoonlik vervorm en verkort tengevolge van gedurige gebruik en teneinde dit met minder inspanning te kan manipuleer), wat 'n wydgetakte saak voorstel en allerhande ander beeld-patrone in die senu-gestel stimuleer; watter een van die gestimuleerde patrone in die bewussyn sal tree, hang dan af van die behoefte of gemoedstoestand wat bevredig moet word.

(c) SOSIAAL.

Was ons afgesonderde enkelinge, dan kon ons ons vraagstukke (behoefte) bevredigend oplos deur dgl. beelde te manipuleer; maar ons woon saam met ander en moet gedurig van hul dienste gebruik maak teneinde ons behoeftes te bevredig. Mettertyd het alle menslike wesens dus hul gedagtebeelde aan klanke of aan gebare, tekeninge, ens. verbind teneinde aan die wesens vir wie hulle wou beïnvloed hul behoeftes mee te deel. Al hierdie stofflike "simbole" is

vorme van taal: *Dóner!* of 'n gebalde vuis, of 'n tekening van die vyand met 'n mes in sy hart, ens. Indien hierdie simbole nie tot die bevrediging van die gebruiker se behoeftes lei nie, skakel hy hulle uit en maak gebruik van simbole wat wel tot sukses lei; vandaar die ontstaan van 'n taal wat in die bepaalde kring waar dit gebesig word algemeen verstaanbaar is (d.w.s. die gekondisioneerde reflekse van al dié taalgebruikers stem ooreen).

M.i. is dit van die grootste belang om hier te beklemtoon dat alle denke deur middel van dgl. beelde moet plaasvind, en dat taal 'n sekundêre ontwikkeling is wat betreklik selde as denkmiddel gebesig word: die beelde, d.w.s. senupatrone deur uiterlike stimuli geskep, staan nader aan die werklikheid as die simbole, d.w.s. gesimboliseerde of verstoflikte beelde soos woorde; of andersom, die verbinding: situasie-beeld is primêr, die verbinding: beeld-simbool is sekundêr. Dit is aan die tradisionele taalkunde en filosofie, wat hom uitsluitlik op die intro- en retrospeksie verlaat, te wyte dat aan die taal as denkmiddel sulke oordrewe belangrikheid toegeken word: die taalfilosoof, vasgegroeï in die gewoonte om gedurig met die *skryftaal* om te gaan totdat hy naderhand nie net in gesproke woordbeelde nie maar selfs in geskrewe woordbeelde dink, sit in sy studeerkamer en dink na oor hoe hy in hierdie of daardie geval gedink het, en formuleer sy gevolgtrekkings noodwendig in terme van taal. Vandaar die algemene wanbegrip, selfs by taalkundiges, dat mens in Afr. of in Eng. of in watter taal ook al, dink: Mens dink nie in taal nie, maar in beelde. Dit sluit wel nie uit dat taaleenhede ook soms stimuli kan wees en dus beelde kan opwek nie, maar dit beklemtoon die feit dat taaleenhede slegs een soort stimulus in die duisternis stimuli wat die omgewing uitmaak, verteenwoordig. Dikwels gebeur dit dat mens 'n beeld (gedagte of gevoel) het en dit probeer meedeel; vassteek; miskien met gebare beduie; dat iemand anders allerhande moontlikhede aan die hand doen; dat mens self 'n hele spul simbole probeer gebruik, en dat mens tog op die ou end moet sê: "Nee, dit is byna, maar nie *net* wat ek wil sê nie." Trouens, elke mens het baie meer begrippe as woorde. Selfs as ons met die onnatuurlikste en misleidendste soort simbole—die skrif—vir ons besighou, beteken die sinne wat ons lees

niks tensy ons hulle in beelde omsit nie. Of as ons 'n gedig of formule uit ons kop leer, is dit weer nutteloos tensy ons dit in beelde omsit—die *betekenis* daarvan verstaan, soos gewoonlik gesê word. Kortom: Sonder simbole (taal) kan mens wel dink: sonder beelde nie.

Deeglik tweetalige persone dink nie in die een taal en vertaal dan in die ander nie (wat 'n massa tyd en energie sou vereis), maar dink in die beelde wat deur hulle omgewing verwek word, en sit dan hierdie beelde om in die taaleenhede waartoe hul bepaalde behoefte (bv. om Afr. te gebruik en nie Eng. nie) hulle dring. Vandaar dat die tweetaligste persoon dit dikwels uiters moeilik vind om vinnig uit die een in die ander taal te vertaal: hy praat so vlot Eng. dat hy nie somar die Afr. simbool kan gee as hy die Eng. simbool voor hom het nie, maar die Eng. simbool eers die on-talige beeld in sy bewussyn moet laat oproep voor hy die Afr. simbool vir daardie beeld kan kry.¹

Nie alle anglisismes in Afr. is die omsettings van beelde nie, intendeel is miskien die meerderheid van hulle juis die vertalings van simbole (d.w.s. letterlike vertalings) omdat anglisismes veral die produkte van onvoldoend-tweetaliges is wat deur veelvuldige² gebruik algemeen gangbaar word. In baie gevalle is daar egter 'n omsetting van die beeld en nie van die afsonderlike woord nie, bv. "Twede Besoek Na Nuweland" (DB 27.6.31), Ek skrywe *na* my ma; dit gebeur besonder dikwels waar die oënskynlik vertaalde Eng. 'n metafora omsluit en dus des te gemakliker 'n beeld oproep, soos die geval met die meeste spreekwoorde is, bv. "(Dr. S. is) Bereid Om Eensame Voor Te Ploeg" (DB 27.6.31). Vandaar dat 'n metaforiese angl. besonder moeilik uit te ken is; vandaar ook dat ons van 'n "taaleenheid" praat: die beeld ontstaan nooit *in vacuo* nie, maar altyd in 'n bepaalde verband, en is dus verbind nie met afsonderlike woorde nie maar met 'n "taaleenheid" wat min of meer op sigself verstaanbaar is.³ Idiomatiese uitdrukkings is dgl.

¹ Deur die vertalende onderwys van 'n vreemde taal word die simbole op die voorgrond geplaas, sodat 'n vlugtige en oppervlakkige sprong van die Afr. direk na die Eng. moontlik word sonder dat die betekenis (beeld) iets daarby uit te staan het; soets is nie dink nie maar 'n gegoël met nuttelose blokkies in 'n jigsaw-puzzle.

² Die half-tweetaliges is altyd in die meerderheid.

³ Bv. beeld is nie *koei* nie, maar *koei wei*.

taaleenhede, en bewys mettertyd hul eenheid deur in een woord saam te smelt, bv. *mettertyd, ingeval, tensy*.

Deur hierdie opvatting van die vraagstuk kan alle probleme in die taalkunde opgelos word: *beelde is die primêre en onontbeerlike bestanddele van die menslike denke; simbole (taal) is sekundêr.*

Die beelde en gevolglik simbole wat 'n gemeenskap besig, hang op die nouste wyse saam met die omgewing waarin hy moet bestaan. 'n Gemeenskap bekommer hom alleen oor stoflike toestande wat hom onmiddelik raak, wat behoeftes by hom wek of bevredig; sy simbole staan dus alleen i.v.m. sy onmiddellike omgewing, en hy besit geen taaleenhede wat nie in sy omgewing nuttig is nie. Die taal is dus gewortel in die werklikheid van die gemeenskap se kultuur en lewe en gewoontes. Kortom: Die taal moet die behoeftes van die gemeenskap help bevredig, en hang dus op die allerintiemste wyse saam met die natuur- en kultuurtoestande wat die gemeenskap raak.

Indien dié omgewing verander, verander sy behoeftes en moet die taal hom daarby aanpas; vandaar die verskyn en verdwyn van mode-taaleenhede, bv. *opjoin, enlist*; v. blss. 84, 208; vandaar ook dat elke individu, binne sekere grense, sy eie taal praat: hy het die meeste behoeftes gemeen met sy stamgenote, maar sommige van sy behoeftes is sy eie. Elke groep in die gemeenskap, elke bedryf, elke streek, elke sekse¹, elke generasie het sy eie behoeftes en dus 'n taal wat daarmee rekening hou. Dwarsdeur sy lewe gaan die individu (gewoonlik geleidelik) van die een groep na die ander, en het hy dus behoefte aan nuwe taaleenhede, wat hy gewoonlik van sy nuwe maters leer.² Altyd: Uit die stoflike omgewing van die individu spruit behoeftes waarmee sy taalgebruik moet rekening hou.

Dit volg hieruit dat, selfs in 'n gemeenskap wat oënskynlik dieselfde taal praat, daar kringe bestaan met verskillende behoeftes en taalgebruik, en dat individue gedurig nuwe taaleenhede aanleer om in hul nuwe behoeftes te voorsien.

¹ Die dokter of delwer se taal is anders as hul vrouens se taal: die man en die vrou behoort aan aparte groepe weens hul aparte omgewings.

² Vgl. bv. taal van vyf- en vyftienjarige kinders, van jongman in sitkamer en op voetbalterrein.

Die taal is dan ook geensins 'n afgewerkte produk nie, maar 'n gedurige skepping en handeling, wat enersyds die uitvloeisel en andersyds die skepper is van psigo-fisiese gewoontes (gekondisioneerde refleksie)—die taal bestaan slegs in die senupatrone van *individue*.

Nuwe taaleenhede raak dus in die eerste plek net die individu wat hulle begin gebruik, of hy hulle nou van 'n ander individu of van 'n groep gekry het, of self gemaak het teneinde 'n nuwe behoefte wat hy ontdek het aan te dui (bv. die eerste man wat 'n *byl* gemaak het). Dgl. individuele taalgebruik kan hom van die enkeling na die hele groep of selfs die hele gemeenskap uitbrei, *mits* dit in 'n gevoelde behoefte voorsien. Daarenteen kan die individu nie 'n onbekende taaleenheid gaan gebruik om 'n reeds bestaande denkbeeld aan te dui nie, want dan loop hy gevaar dat die mense wat hy wil beïnvloed nie sal verstaan wat hy wil nie; so bv. is "Hy vat agter sy pa" vir die persoon wat dit gebruik totnogtoe nutteloos in Afr., omdat die meerderheid van die taalgebruikers dié taaleenheid nie besit nie, dus nie verstaan nie, en gevolglik die spreker se behoefte (bv. aan instemming, d.i. vleiery) nie kan bevredig nie. Word so 'n taaleenheid egter dikwels gebruik en in stoflike of taalverbande wat die beeld wat hy wil aandui vir die hoorders verduidelik en is hy doeltreffender as bevredigingsmiddel, dan kan dit gebeur dat die afwykende taalgebruik van die individu ("reg" of "verkeerd" maak nie saak nie) langamerhand tot dié van die gemeenskap word. Hoe meer individue so 'n onbekende taaleenheid besig, des te meer kringe word in dieselfde rigting beïnvloed, en des te meer moontlikheid bestaan daar dan dat dit deur die hele gemeenskap oorgeneem sal word. Uit die aard van die saak is soiets seldsamer as die aanleer van 'n nuwe taaleenheid wat 'n *nuwe* behoefte moet aandui. As 'n nuwe taaleenheid werklik op doeltreffende wyse in 'n nuwe behoefte voorsien, dan is daar min uiterlike faktore wat die aanname daarvan deur die gemeenskap sal strem (bv. taalkundiges se afkeuring, bv. *donkey* (bls. 107), of die *Grammaire raisonnée* van die 18e eeu). Altyd sprei die taalgebruik egter van die individu tot die gemeenskap; nooit is dit die gemeenskap as sodanig wat 'n nuwe taaleenheid

begin gebruik nie. Maar dié taalgebruik het die beste kans op bestending as daar meer as een faktor bestaan wat in die rigting van sy aanname werk.

2. TAALVERMENGING.

WEENS NUWE STOFLIKE BEHOEFTES.

Dus : elke mens leer voortdurend nuwe taaleenhede aan as maklik hanteerbare en in sy kring algemeen verstaanbare simbole van sy nuwe behoeftes, wat ontstaan deur die verandering van sy omgewing. Waar sodanige verandering op uitgebreide skaal in die loop van die geskiedenis plaasgevind het, was dit byna sonder uitsondering die gevolg van aanraking met vreemde volkere ; bv. Kretensiese beskawing → Grieke → Romeine → Germane → Bantoe.

Omdat die nuwe behoefte (die oorspr. stimulus) en sy benaming (die plaasvervangende stimulus) van die begin af in die allernouste verband en van verskeie kante kom, word die gekondisioneerde reaksie : beeld-benaming maklik gevestig, sonder om teen teenstrydige neigings te moet ingaan. Dit gebeur des te gereeder as die behoefte sterk, die bevrediging intens, en die beoefeningsgeleenthede dus veelvuldig is (v. bls 2). In so 'n geval word die nuwe taaleenheid deur al-meer individue regstreeks en onregstreeks oorgeneem, totdat dit uiteindelik 'n hegte deel van die gemeenskap se taalgewoontes vorm, net soos die daardeur aangeduide saak 'n hegte deel van sy stoflike omgewing vorm. Aangesien so 'n taaleenheid op verskillende tydstippe en onder verskillende omstandighede deur verskillende persone oorgeneem word, wissel hy gewoonlik af wat betref die juiste beeld en die uiterlike benaming, en gebeur dit soms dat daar twee vorms of betekenis van dieselfde ontlening in dieselfde taal bestaan ; bv. *porring* × *poeding*, *reling* × *railing*. As dit 'n verskil in uiterlike vorm betref, dan wen een van die vorms dit gewoonlik op die duur en word algemeen, of anders word 'n aanvanklik toevallige verskil in betekenisnuansering in die verskillende vorms vasgelê, wat dus behou word (vgl. bls. 105).

Heel natuurlik is dit in die oorgrote meerderheid van gevalle simbole vir duidelike, konkrete, belangrike begrippe wat oorgeneem word, bv. *trok, loaf, pink*; die verskil tussen twee kulture bestaan trouens boweal in uiterlike sake, nie in algemeen-menslike sake, in intieme gedagtes en gevoelens waarvoor alle volke eweseer die behoefte aan simbolisering gevoel nie. Die aanleer van nuwe taaleenhede i.v.m. nuwe konkrete sake is in die grond van die saak dieselfde of hulle uit die verskillende kringe van die gemeenskap self kom dan wel of hulle kom uit die nuwe kringe geskep deur kulturele aanraking. Om dié rede gebeur dit dikwels dat die gebruiker van die vreemde taaleenheid nie besef dat dit "vreemd" is nie: dit is die enigste manier wat hy ken om sy behoefte aan te dui, en is dus net so min vreemd vir hom as watter ander eenheid in sy daaglikse taal ook al. Die oorname van nuwe simbole saam met hul konkrete werklikhede, is dus algemeen; die oorname van nuwe simbole vir reeds bestaande begrippe is seldsaam; as die spreker se eie persoonlike behoeftes worstel om simboliese weergawe in die taal, sal die natuurlikste en dus doeltreffendste reaksie volg, d.w.s. die langgevestigde eie taaleenheid sal te voorskyn kom, en nie 'n ongemaklik-vreemde nie.

WEENS NUWE GEESTELIKE BEHOEFTES.

Dit kan egter gebeur dat (a) 'n eie taaleenheid deur 'n vreemde verdring word, of dat (b) 'n nie-konkrete, min of meer algemeen menslike taaleenheid oorgeneem word. Aangesien taalverandering die uitvloeisel van behoefteverandering is, moet ons nagaan wat in hierdie gevalle die veranderde behoefte geskep het. Dit word op bls. 55-66 bespreek, maar kan hier saamgevat word as (a) *onkunde* omtrent die "eie", (b) *onwil* (luiheid om die onkunde te verwyder, pronksug, minderwaardigheidsbesef, afkeer van eksentrisiteit, afkeer van onbeleefdheid), en (c) *onmag* (die "eie" sou vir die hoorders onverstaanbaar wees, of daar is g'n geskikte eie nie). I.v.m. (a) moet in die oog gehou word dat die uitheemse saak weens sy nuwigheid soms anders as die ooreenstemmende inheemse lyk, met die gevolg dat die inheemse simbool 'n ander beeld verwek as die uitheemse

(wat dus in 'n nuwe behoefte voorsien); of dat, weens individuele of maatskaplike agterlikheid, die "eie" taaleenheid nie wyd bekend of stewig gevestig is nie, sodat die vreemde taaleenheid weer in 'n akuele behoefte voorsien wat deur die vreemde kultuur geskep is (bv. *manager*), of laastens dat die uitheemse taaleenheid meer as die inheemse deur die individuele taalgebruiker gehoor, geles, gepraat of geskrywe word. In al drie hierdie gevalle kan die toestand as volg voorgestel word :



As in die individu se bewussyn die beeld te voorskyn tree, kan sowel verbinding A as verbinding B elektrifiser word; verbinding B bevredig die behoefte egter soveel gouer en doeltreffender omdat hy meer gebruik word, dat verbinding A heeltemal belet word om in werking te tree—noodlottige kringloop! Uit die onkunde vloei voort (*b*) die onwil om die eie te gebruik; hier word die behoeftedrang des te kragtiger omdat dit bewus word. Wat (*c*) die onmag betref, is die onverstaanbaarheid van die inheemse vir die hoorders, te wyte aan (*a*) en (*b*); alleen in 'n geval waar die vreemde taaleenheid 'n beeld opwek wat deur g'n eie taaleenheid aangedui kan word nie, kan die ontlening van wetenskaplike standpunt goedgekeur word: die vreemdeling het hier nie net die eie woordeskat nie, maar die daarmee samehangende eie gedagteskat verryk.

In hierdie geval is die vreemde taaleenheid dan in verbande gebruik wat vir die waarnemer van belang is (bv. *segregasie*) en waaruit sy betekenis of beeld langsamerhand opgebou word.¹ So ontstaan 'n vroeër ongevoelde of onbelangrike en dus onuitgedrukte behoefte: twee aparte kultuurkomplekse is in wese algemeen menslik, maar deur allerlei uiterlike

¹ D.w.s. die verskillende geleenthede skep verskillende senupatrone, waarin die gemeenskaplike gedeeltes (deur hul veelvuldiger herhaling) gaandeweg skerper word.

omstandighede voel die een behoefte veral aan seker elemente; bv. die Engelse se belangstelling in klere en mode, wat maak dat Afr. nie die juiste betekenis-skakerings van bv. *smart, stylish, dandy* kan weergee nie. So ook het die term *African* van die Engelse met hul Pan-Afrikaanse belange reeds 'n behoefte geskep waarin *Afrikaner* en *Afrikaans* nie voorsien nie; oor 'n tyd sal ons hiervoor 'n term moet skep.—Soms weer is die klank of gevoelskleur van die vreemde taaleenheid aantreklik, bv. *bladdy, blooming*. Die fyne nuanses van aanvanklik onbekende taaleenhede kan nie aangevoel word en nog minder 'n behoefte skep tensy die twee spraak-gemeenskappe in baie intieme aanraking met mekaar kom. By die aanleer van die benamings van konkrete nuwighede, hoef dit nie die geval te wees nie: die individu leer dit aan net soos al die ander nuwe taaleenhede wat hy sy hele lewe lank aanleer; so praat die Xhosas van *i-kommityi* (piering), *i-hempi* (hemp), ens., hoewel hulle minder kennis van Afr. het as die meeste ander inboorlinge in S.-Afrika. In sulke gevalle hoef die individu wat ontleen dus nie 'n kennis van die taal waaruit hy die woord ontleen, te hê nie; die enigste voorwaarde vir die totstandkom van die gekondisioneerde refleks is dat die saak en die benaming kort namekaar vir hom stimuleer; bv. die sien van iemand wat skaats en die hoor van die klanke: „*Hy skate.*” Soms gebeur dit dat die aldus aangeleerde klanke vergoed aan die saak verbind word, en dat die nuwe geslag dus van hul vroegste kinderjare af gedurig die saak en die klanke verbind; dit is wat baie dikwels in Afr. met betrekking tot Eng. woorde soos *enemmel* of *porrietsj* gebeur. M.a.w. omdat daar g'n wedywerende benamings bestaan wat die refleks kan verswak nie, is hierdie reflekse, ofskoon uit taalkundig-wetenskaplike oogpunt uitheems, uit sielkundige oogpunt baie sterk en deur-en-deur inheems. Tensy die taalgebruiker dus op een of ander manier op die uitheemsheid van die woord of die saak gewys word, sal hy dit nooit self bemerk nie, en sal die objektiewe feit dat dit uitheems is hom op generlei wyse raak.¹

In die meeste gevalle waar nuwe taaleenhede nie as vanself uit die gemeenskapslewe voortkom nie, is die toestand gewoonlik egter sodanig dat die oorspr. aanleerders bewus

¹ Vir die Xhosa bv. is *ronani* (goeinaand) of *maneli* (meneer) ras-egte Xhosa.

is van die omstandigheid dat hulle sowel die naam as die saak gekry het van persone wat nie hulle taal praat nie. Bestaan of ontstaan daar emosionele faktore wat hierdie bewustheid verskerp, dan sal die wete nie alleen by die individue voortbestaan nie, maar deur hulle aan ander meegedeel word; so kan daar 'n gemeenskapsbewussyn aangaande dié sake en benamings ontstaan. Dit was die verloop van sake in Duitsland voor die Wêreldoorlog en sedert 1933, en in S.-Afrika na ongeveer 1900: Die hooghartige handelwyse van die persone wat die sake en die benamings verskaf het, het die eiewaardigheidsbesef van die aanleerders gekrenk, die aanleerders dus tot verset geprikkel. Hoor die individu die nuwe term egter van 'n medetalige—'n persoon wat hom dus op g'n vreemde, ongewone wyse stimuleer nie—dan is die milieu van die term doodgewoon en bemerk hy niks vreemds nie. Dit kan gebeur as die oorspr. aanleerder g'n onaangename sake in verband bring met die ontstaan van die woord in sy bewussyn nie. Wat is egter die gewone verloop van sake?

Die aanraking tussen twee kulture kan plaasvind of indirek of direk. (a) *Indirekte aanraking* kan wees bloot skriftelik, bv. dié tussen Afr. en Latyn; gewoonlik is hy egter nou verbind met konkrete sake, want daar moet eers 'n behoefte bestaan, en dié behoefte word alleen deur konkrete sake verwek; vgl. bv. die name van die meeste nuwe modes, kledingstowwe, ens., wat in die V.S. of Brittanje aan die voorwerp geheg en op dié wyse in die buiteland versprei word sonder dat iemand nou juis saam met die saak kom om die terme bekend te maak. Hoe sterker die behoefte, hoe sekerder die ontstaan van die gekondisioneerde refleks. As die aanraking dus net skriftelik en tot 'n paar emosielose geleerdes beperk is, kan dit baie min invloed op die spraakmakende gemeente uitoefen. Alleen as ook laasgenoemde met die saak-self in aanraking kom en 'n behoefte daaraan ontwikkel (bv. die oorspr. geleerde *gas* of *elektrisiteit*), kan die oorspr. bloot skriftelike invloed op 'n paar geleerdes vir die taal van belang word.¹

¹ Indirekte maar nie-skriftelike invloed kom vandag o.a. deur prente, rol- en praatprente en radio.

(b) *Direkte aanraking*, in die wese van die sielkundige proses nie verskillend nie, vind gewoonlik vinniger en oor 'n wyer terrein plaas. Trouens, dit is die konkrete wat die behoeftes by ons opwek, dit is die persoon-self met die saak-self wat die "Ware Jakob" is.¹ Soms het dié persoon ook die benaming uit die tweede of derde of vierde hand, en vind die oorplanting dus (sover dit die taal raak) op geensins direkte wyse plaas nie; vir die persoon wat die saak-self wil besit, is dit natuurlik van g'n belang nie. Maar ook dgl. indirek-mondelinge aanraking is betreklik beperk in omvang. Kultuur- en die daarmee samehangende taalaanraking vind veral plaas as groot aantalle verteenwoordigers van die twee verskillende kulture in aanraking met mekaar kom. Hoe meer voordelige elemente die nuwe kultuur besit, hoe sterker die behoefte aan hulle, en hoe meer is die individuele kultuurgebruikers geneig om die "waardevolle" elemente in die nuwe kultuur oor te neem, en terselfdertyd die taaleenhede wat daarmee in verband staan.

In so 'n geval word gewoonlik gesê (bv. Kleinpaul 6 en De Grave 122 vlgg.) dat dit 'n bewys van swakheid by die aanlerende kultuur en taal is: die *oorname* van "neue Produkte und Waren" word as bewys van die *waarde* van daardie sake aangeneem. Dis natuurlik foutief: die aanlerende volk ontwikkel miskien 'n behoefte aan 'n vreemde saak wat nie net nutteloos is nie maar selfs nadelig, bv. opium, of Spiritisme, of goëly. Alleen as die nuwe sake help om "The greatest good of the greatest number" te verwesenlik, kan hulle as aanwinste en dus as voortkomende uit 'n hoërstaande kultuur, beskou word—'n vraagstuk vir die filosoof. Van sielkundige standpunt kan ons die een taal as minder hoog ontwikkel dan 'n ander beskou alleen as die individuele taalgebruiker dit so voel: as hy behoeftes het,² hulle in sy eie taal wil maar nie kan uitdruk nie, en dan gaan dink dat die taal wat hulle wel kan uitdruk, hoër staan. Of dié opvatting ten nadele of ten voordele van die taal sal strek, hang dan nog van allerhande omstandighede af: òf die "hensopper" òf die "bittereinder" òf die onverskillige

¹ Die gebruiklikste vreemde sake skep die sterkste behoeftes en word dus die eerste oorgeneem; later mindergebruiklike tegniese sake; bv. *trein* × *detonator*.

² Bv. aan *theatres* en *bazaars* en *fancy-dress balls*.

kan daaruit voortkom. Die hensorper is vir sy kultuur verlore; die onverskillige, wat altyd in die oorgrote meerderheid is omdat die meerderheid se sielelewe uit hul sinnelewe spruit, klee sy liggaam, sy gedagtes en sy hele bestaan soos hy lekkerkry; die "bittereinder" se besef van die vreemde invloed skep in hom 'n minderwaardigheidsgevoel wat hom dwing om dié invloed te ontken of oorkom deur die vreemde om te skep in eie. Dié drang is die sterkste as dit die bewusste is; dit is die bewusste in die skryftaal veral van persone wat stoflike belang by die taal het, soos onderwysers en skrywers wat die taal gebruik, of amptenare wat weens hul taal deur ander-taliges benadeel word. Op dié manier word die skryftaal gaandeweg onder die bevrugtende invloed van die vreemde kultuur ryker; terwyl in die minder bewuste spreektaal van die meerderheid (die meerderheid *skryf* selde) die vreemde invloed openliker verskyn—gewoonlik ook verrykend, maar met minder inspanning.

Die stoflike toestande maak die nie-totstandkoming of die verdwyning van 'n dgl. minderwaardigheidsbesef en gevolglike verset gewoonlik vir geruime tyd onmoontlik. Trouens, as die beïnvloede gemeenskap beduidend groter en wyer verspreid is as die beïnvloedende, kan laasgenoemde se aanraking met hulle nie intiem of wyd genoeg wees om hulle so 'n deeglike kennis van die vreemde taal en gewoontes te gee, dat hul stoflike welvaart nie benadeel sal word as hulle gedwing word om die vreemde taal en gewoontes as middel tot behoefte-bevrediging te besig nie; word iemand se stoflike welvaart bedreig, is hy dadelik woedend op dié wat dit bedreig. Oorwen 'n kleinere gemeenskap dus 'n grotere, is die gewone loop van sake: uiteindelijke opstand van die grotere weens die beperkings wat die kleinere oplê en wat die grotere se stoflike welvaart aantast. Maar as die kleinere die stoflike welvaart van die grotere onaangeroerd laat of selfs bevoordeel, dan verdwyn die grotere se vyandigheid en verset teen die kleinere se invloed langsamerhand.¹ Heel natuurlik dus dat die kookpunt van enige tweektalige land se politiek bereik word indien die taal- en dus die stoflike welsyn van die een of van die ander groep aangeraak word. Deur die gedurige samesyn, leer die individue uit elke

¹ Bv. die Romeine in Gallia (Frankryk).

gemeenskap wat daardeur hulle behoeftes doeltreffender kan bevredig, die vreemde taal; dit gebeur veral as 'n klein groepie van die een gemeenskap hom binne-in 'n groot groep van die ander gemeenskap bevind (bv. Skotte en Engelse in O.V.S., die Skotse predikante en skoolmeesters van 1822 in die Afr. gemeenskappe; en daarenteen die Afrikaners in Argentinië of die stede, of die Nederlanders in die V.S.): As hy wil hê dat die 98 rondom hom moet verstaan wat hy nodig het, moet hy die 98 se taal praat en nie vir hom by sy mede-verlore-skaap bepaal nie. Besit dié twee die mag om die 98 te dwing om hulle voorskrifte uit te voer, kan dit 'n tydlank gebeur dat dié twee sukses het; maar op die duur laat die opgekropte ergernis van die 98 oor die ondoeltreffende behartiging van hul belange, hom geld. Die kleinste gemeenskap leer gewoonlik ongemerk die grootste se taal en gewoontes aan: hulle is te klein om enersyds hul bestaande gekondisioneerde reflekse deur oefening in stand te hou, en andersyds om moeilikheid, d.w.s. teenstand en vyandigheid, te veroorsaak. Indien die twee gemeenskappe ewe groot is, sal die een die ander se taal gaan leer, tensy die een deur omstandighede groter welvaart geniet, in watter geval sy taal die voorkeur sal kry as doeltreffendste middel tot vooruitgang. Vind daar ondertrouery plaas, sal die huistaal gewoonlik ooreenstem met dié van die gemeenskap waarvan die huisgesin se bestaan afhang; in S.-Afrika vind hulle veral in die stede, d.w.s. in Eng. omgewings, plaas. Kortom: die waarskynlike invloed van die een op die ander taal sal afhang van die volgende faktore: (1) Die behoeftes wat deur aanraking met die nuwe kultuur geskep word; (2) Die relatiewe grootte van die twee groepe; (3) Die gevolglike intimiteit of gebrek daaraan tussen die twee; (4) Die uitgestrektheid van die wedersydse aanraking; (5) Die houding van die kultureel mees-beïnvloede gemeenskap teenoor die ander weens laasgenoemde se invloed op sy welvaart. Dit is die stoflike voorwaardes vir taalbeïnvloeding.

Met betrekking tot *die psigologiese sy* van die saak, het ons gesien (blss. 8-12) dat deur die individu se ondervindings in die nuwe kultuur, en sy aanraking met nuwe en vir hom waardevolle situasies, nuwe verbindings ontstaan, nie net tussen die nuwe sake en nuwe taaleenhede nie, maar ook

tussen nuwe begrippe en hul simbole in die vreemde taal; soms gebeur dit ook dat hy nuwe reflekse doeltreffender vind as die eie-talige. Begin hy egter nie net afsonderlike taaleenhede uit die vreemde taal gebruik nie, maar die vreemde taal soms of dikwels praat, word die invloed daarvan op sy eie taal baie sterker. Hier moet ons veral drie stadia onderskei: Die aanvangs-, die gevorderde, en die tweetalige stadia.

In die *aanvangstadium* is die reflekse van sy eie taal nog verreweg die sterkste, met die gevolg dat sy beelde onmiddellik sy eie taal se simbole opwek, en hy dan alleen die losstaande vreemde woorde wat hy tevore "opgetel" het, aanwend in plaas van die woorde in sy eie taal; d.w.s. hy vertaal letterlik uit sy taal in die ander, bv. "Ek gooi jou net-nou met 'n klip" word "I throw you just now with a stone." Hierdie stadium is egter te opvallend gebreklik om veel invloed op die vreemde taal te hê, tensy bv. groot aantalle kinders daarin verkeer en op dié manier hul paar vreemde-taal-matertjies beïnvloed. Gewoonlik is die individu se eie taal nog suiwer (behalwe miskien wat bestaande leenwoorde betref). Omdat die leerder byna altyd die krompratende enkeling in 'n regpratende gemeenskap is (of hy nou vreemdeling of kleuter is), word sy foute bespot en hy self gretig om reg te praat. Vandaar dat hy langsamerhand veel meer aandag aan die vreemde taal bestee as aan sy eie, wat immers "vanself kom," met die gevolg dat hy besig is om, onder drang van 'n kragtige en helder-bewuste behoefte en ter verkryging van 'n hoog-waardeerde bevrediging, sterk reflekse in die vreemde taal te vestig en sy eie taal se reflekse te laat vervaag. In hierdie "gevorderde" stadium praat hy dus betreklik korrekte vreemde-taal; wil hy daarenteen 'n gedagte in sy eie taal uitdruk, word die verbinding met die vreemde simbool die geredelikste elektrifiseer. Die beeld elektrifiseer bv. die Eng. simbool *SO* in die volgende sin: "The country is tired of coalition, so let us just call it re-union"; die Eng. simbool *SO* is nog altyd met die Afr. simbool *SO* verbind, met die gevolg dat die Afr. sin soos volg te voorskyn kom: "Die land is al so sat van koalisie, so laat ons dit maar hereniging noem" (Korresp., DB 15.8.33). Die korrekte Afr. simbool sou hier *DUS* wees. Kortom: 'n -ISME word gebore. Hoe

meer punte van ooreenkoms daar tussen twee tale bestaan (m.a.w. hoe meer simbole hulle het wat baiekeer maar nie altyd nie ooreenstem), hoe meer kere sal dgl. -ismes ontstaan. In gewone taal: Die -isme kom ons voor as 'n eenheid van ons eie taal waarmee ons nog net nie tevore deeglik en in al sy betekenis en gebruike kennis gemaak het nie. Juis omdat hy so eie lyk, koester sowel die spreker as die hoorder (potensiële gebruiker) g'n agterdog omtrent hom nie; en omdat hy so eie voel, het hy veel beter kans op algemene aanname as iets wat duidelik vreemd is. Kontaminasieverskynsels berus op dieselfde meganisme: Die beeld is verbind aan twee simbole, elkeen waarvan 'n naastenby suiwer vertolking van die beeld is, en elkeen waarvan dus gestimuleer word met die gevolg dat die eindproduk 'n samesmelting van die twee is, bv. *ingenome* × *opgetoë* word *opgenome*. Die bestaan van twee sinonieme verswak dikwels altwee, sodat 'n derde 'n beter kans het om hom in te dring; bv. *boterham* × *toebroodjie*: *sandwich*; *fiets* × *rywiël*: *bike*. (Dit sou in so 'n geval vir Afr. dus beter wees om een van die twee oorboord te gooi.) Bestaan daar reeds onsekerheid en 'n flou neiging in 'n bepaalde rigting, dan versterk 'n daarmee ooreenstemmende neiging in die vreemde taal dit in baie hoë mate; bv. die uitbreiding van die Afr. *-self* en die weglating van die Afr. *die*. Is die gekondisioneerde refleks in die een taal daarenteen baie sterk, spreek dit vanself dat 'n refleks in die ander geweldig sterk moet wees om dit te beïnvloed, bv. die Afr. inversie-refleks—dis te betwyfel of Afrikaners ooit sal sê: "Nou hy loop." Hierteenoor is die gewoonte om in Afr. eers die tyd en dan die plek te noem, afwisselend, sodat die Eng. gewoonte om eers die plek en dan die tyd te noem, ofskoon ook flou, tog die Afr. beïnvloed; bv. "Ek het jou gister in die kerk gesien" word "Ek het jou in die kerk gesien gister," waar *gister* ook 'n te laat gekome nadere omskrywing kan wees.

Hoe brei dgl. krom-eenhede uit? (V. bls. 9.) (1) Die Eng. invloed laat hulle gebore word. (2) Omdat die Eng. invloed op duisende Afrikaners tegelyk inwerk, word dieselfde krom-eenheid op baie verskillende plekke en tye gehoor. (3) Omdat hulle g'n argwaan wek nie, is die persoon by wie eenkeer dié senu-verbinding tot stand gekom het, geneig

om dit weer te gebruik ; is die hoorders, as hulle dieselfde gedagte wil uitdruk en voor die (historiese) gebruiklike Afr. en die -isme te staan kom, onseker watter een die beste is, bv. *opsplits* × *splits*. Al gebruik hulle die eerste keer miskien die regte Afr., elkers as hulle die -isme teëkom word die verwarring omtrent die eg-Afr. vergroot en die kanse van die -isme beter.

Die meeste -ismes ontstaan by hierdie stadium.

Dan kom die *tweetalige stadium* (geensins altyd nie, aangesien die behoefte aan vordering bevredig is), wanneer die spreker deeglik tweetalig is, d.w.s. sy beeld wêreld outomaties die simbole op wat met die heersende drang op die oomblik ooreenstem. As hy bv. aan 'n haarsnyer dink en sy gedagte aan 'n Afr.-sprekende moet meedeel, sê hy nie : "Daardie kêrel sny soos vlamme" nie, maar : "Daardie kêrel knip dat dit kraak." Dikwels sal ook hy egter 'n beeld hê wat om die een of ander rede nouer aan die Eng. as aan die Afr. verbind is, met die gevolg dat hy vassteek om 'n Afr. taaleenheid of dat die letterlike vertaling ongemerk uitglip. 'n Interessante soort -isme ontstaan soms hier : As hy merk dat hy 'n gewone -isme wil gebruik, keer hy dié neiging, stimuleer dus weer die beeld, wat dan 'n verbinding met een van sy ander simbole elektrifiseer ; die simbool wat dan gebesig word, is soms die Afr., maar soms die Eng. sinoniem van die angl. Kortom : Hy probeer die gewone, gevoelde -isme vermy, en verval dan, onbedag op dié moontlikheid, in 'n minder gewone sinonieme -isme. Dit gebeur dikwels in "Afr. through Eng. Idiom," bv. 84 *flint* 1, 96 *grace* 2, 101 *hair* 9. Omdat die spreker nou egter Eng. en Afr. naastenby ewe gemaklik praat, is sy Eng., ofskoon suiwerder as in die vorige stadium, nie langer suiwerder as sy Afr. nie—altwee kom eweseer sonder inspanning of besondere aandagsbepaling, en altwee is dus ewemin aan -ismes onderhewig. Indien hierdie persoon hom aan anglisismes skuldig maak, is dit gewoonlik nie omdat hy 'n Eng. eenheid letterlik vertaal nie, maar omdat hy 'n deur Eng. geskepte beeld in Afr. omsit, bv. *iemand se been trek, die kat uit die sak laat, halfhartig*. Waar hy by die uitdrukking van 'n beeld vassteek en 'n Eng. woord wil gebruik, is dit gewoonlik omdat die Eng. woord suiwerder met die beeld ooreenstem as die

gelykbetekenende Afr. Omdat die persone wat hier hoort, nog uiters seldsaam is, kan hul invloed baie min uitrig; dit is veral dié in die tweede stadium wat hulle eie taalgebruik -ismeseer.

GRADE VAN UITLANDSHEID.

Hoewel die verskeidenheid wat hom by die taalvermenging voordoën, oneindig is, kan ons gerieflikheidshalwe vier klasse onderskei:

- (a) *Vreemde-woorde*, wat on-Afr. lyk en as on-Afr. erken word;
- (b) *Leenwoorde*, wat on-Afr. lyk, en soms as on-Afr. erken word;
- (c) *Basters*, wat Afr. lyk, al lyk hulle soms ook op Eng.;
- (d) *ISMES*, wat Afr. lyk, en on-Eng.

Die eerste twee klasse raak eintlik nie die wese van die taal nie: hulle hoort by die woordeskat tuis, en maak Afr. nie minder Afr. nie. Veel intiemer aanraking tussen die twee gemeenskappe is nodig as voorwaarde vir die totstand-kom van (c) en (d). By (a) en (b) enersyds en (c) en (d) andersyds is die verskil nie in wese nie, maar in graad; tussen die twee hoofgroepe is daar egter 'n wesensverskil.

(a) VREEMDE-WOORDE.

Die vreemde-woord is eintlik 'n aanhaling, wat in die skrif deur aanhalingstekens, kursiefletter of onderstreping aangedui word, en in die spreektaal deur 'n verandering in die toonhoogte; so bv. Die skool het baie *esprit de corps*; Ja, "the child is father of the man," soos die Engelsman sê; Ek het so 'n *shock* gekry toe . . .; ens. Soos die laaste voorbeeld aandui, kan dit maklik gebeur dat deur veelvuldige aanraking met die vreemde-woord die individu so gewoon daaraan raak, dat hy dit naderhand gebruik sonder om van die vreemde afkoms bewus te wees—dit het geword tot die vir hom natuurlike simbool vir die bepaalde beeld wat dit voorstel. Dan word dit by hom 'n leenwoord. Vreemde-woorde kan in Afr. natuurlik ook uit nie-Eng. eenhede bestaan, bv.